higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INTERIEURBEGINSELS TEORIE EN PRAKTIES N4

(10050324)

16 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

030Q1B2316

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INTERIEURBEGINSELS TEORIE EN PRAKTIES N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Watter element of elemente:

1.1 Kan 'n vertrek se proporsies verander? (4)

1.2 Kan ritme deur herhaling skep? (5)

1.3 Is driedimensioneel? (1)

[10]

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

2.1 Tekstiele voeg kleur en tekstuur by 'n dekorskema.

2.2 Natuurlike vesels word beskou as beter as sintetiese vesels.

2.3 Sisal is 'n duursame vesel.

2.4 Goiing is 'n growwe, stekelrige vesel.

2.5 Hennepvesel is gesog vir sy duursaamheid en tekstuur.

2.6 Bamboes- en piesangblaarvesels kom van hernubare hulpbronne.

2.7 Knobbelrige weefsels het 'n tekstuurimpak in 'n vertrek.

2.8 Mandjieweefwerk is 'n voorbeeld van 'n geribde weefsel.

2.9 'n Eenvoudige weefsel is die stabielste weefsel.

2.10 Jacquardweefstof is nie geskik vir stoffering nie.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Dui aan of elk van die volgende soorte vesel NATUURLIK, HERGEGENEREER of SINTETIES is deur slegs 'Natuurlik', 'Hergegenereer' of 'Sinteties' langs die vraagnommer (3.1-3.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

3.1 Poliëster

3.2 Katoen

3.3 Rayon

3.4 Sy

3.5 Wol

3.6 Akriel

3.7 Vlas

3.8 Gare met metaalbasis

3.9 Klapperhaar

3.10 Skuim

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Noem elk van die volgende kleure of skakerings:

4.1 Tersiêre kleur wat groen bevat (1)

4.2 Sekondêre kleure (3)

4.3 Neutrale kleur (1)

4.4 Achromatiese kleure (2)

4.5 Gesplete komplementêre kleure van geel (2)

4.6 Skakering by rooi om pienk te skep (1)

[10]

VRAAG 5

Kies die korrekte term uit dié tussen hakies en skryf slegs die term langs die vraagnommer (5.1–5.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1 Skaal verwys na die verhouding tussen (dele in 'n ontwerp/ verskillende ontwerpe).

5.2 Herhaling van 'n patroon is (harmonieus/verwarrend).

5.3 Asimmetriese balans is (informeel/formeel).

5.4 Plastiekblomme word beskou as (stylvol/kitsch).

5.5 Goede smaak word (aangeleer/oorgeërf).

5.6 Ritme (laat visuele beweging toe/fokus die oog).

5.7 Dit is beter om (baie/net een) fokuspunt(e) in 'n kamer te hê.

5.8 Die verhouding van die goue gemiddelde is (1:3/2:3).

5.9 Harmonie is 'n (beginsel/element) van ontwerp.

5.10 Beginsels van ontwerp is (abstrakte/konkrete) konsepte.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 6

6.1



[Bron: *The Art of Display*, Katherine Sorrell]

6.1.1 Definieer die term *ritme*. (3)

6.1.2 Wat is die doel van ritme in die binnenshuise ruimte hier bo? (3)

6.1.3 Gee SES maniere om ritme te skep. (6)

6.1.4 Watter van die maniere wat in VRAAG 6.1.3 gegee is, is gebruik om ritme in die gegewe illustrasie te skep? (4)

6.1.5 Die kleurskema is akromaties.

Is dit effektief? (4)

6.2 Jou kliënt het 'n formele eetkamer nodig, aangesien sy hoofsaaklik besigheidsmense onthaal en dus baie formele geleenhede hou.

6.2.1 Watter lyn, tekstuur, patroon en kleurskema sal jy gebruik? (4 × 4) (16)

6.2.2 Watter balans sal jy oorweeg vir die plasing van meubels en bykomstighede? (4)

6.3 Noem TWEE funksionele afwerkings en verduidelik die doel daarvan. (2 × 5) (10)

[50]

VRAAG 7

7.1 Verduidelik hoe patrone met verskillende groottes die grootte van voorwerpe en kamers sal beïnvloed. (10)

7.2 7.2.1 Noem NEGE weefklasse. (9)

7.2.2 Watter soort weefsel is die stabielste? (1)

7.2.3 Verduidelik die term *gespoor* ('railroaded'). (3)

7.2.4 'n Aaneenlopende meter van 'n materiaal het 'n langwerpige gestreepte patroon daarop. Jou kliënt verkies 'n horisontale streep, maar hou van die kleure van hierdie stof.

Kan die stof gedraai word wanneer die gordyne gemaak word? (1)

7.2.5 Noem drie soorte weefstowwe wat nie geskik is vir 'n bank in die gesinskamer van 'n groot gesin nie. (3)

7.2.6 Verduidelik die antwoord op VRAAG 7.2.5. (3)

7.3 Wanneer is 'n dekoratiewe artikel soos 'n bak plastiekvrugte kitsch? (10)

7.4 Verduidelik die terme *warm kleurskema* en *koel kleurskema*. (5 × 2) (10)

[50]

VRAAG 8

8.1 Bespreek die invloed van kleur op grootte en afstand volgens:

8.1.1 Tonale waarde (8)

8.1.2 Intensiteit (6)

8.2 Noem drie soorte balans en bespreek die effek van elkeen op 'n vertrek. (20)

8.3 Wat moet 'n binnenshuisversierder van materiaal weet? Hoekom? (10)

8.4 Teksture word dikwels oorgesien.

8.4.1 Hoe ervaar ons tekstuur? (2)

8.4.2 Klassifiseer tekstuur. (3)

8.4.3 Is growwe tekstuur gewoonlik formeel of informeel? (1)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou